# Eenheid 1 : Veranderings tydens die Industriële Revolusie in Brittanje

## 1. Rykdom uit slawehandel:





- Driehoekige handelsroete tussen Europa, Afrika en Amerika bereik hoogtepunt in 18de eeu.
- Trans-Atlantiese slawehandel was hoeksteen van dié roete.
  - → Dra grootliks by tot ekonomiese groei van Amerika en Brittanje.



- In Europa speel Brittanje grootste rol in slawehandel.
  - → Hulle het in 18de eeu omtrent 3 miljoen mense uit Afrika na 'n lewe van slawerny vervoer.



**Britse ekonomie het só by die slawehandel baatgevind:**

1. Sommige hawens en stede het ryk geword.
   - → Aan begin was Londen en Bristol belangrikste stede in slawehandel.
   - → Liverpool word ook later 'n belangrike stad in slawehandel.
2. In die middel van 18de eeu was daar net in Liverpool alleen 175 slaweskepe
   - → Grootste inkomste is verkry uit belasting op invoer en uitvoer wanneer skepe deur hawens gevaar het.
3. Brittanje voer tekstielware, fabrieksware en kommoditeite uit na Afrika.
   - → Gewere was groot in aanvraag – Birmingham maak goedkoop gewere van swak gehalte en verkoop teen groot winste.
4. Lloyds en Barclays (1 van vroegste banke in Brittanje) verdien baie van hul rykdom uit slawehandel.
5. Sommige mense het ryk geword en was invloedryk in politiek.



## 2. Ekonomie voor die Industriële Revolusie (IndRev)



- Voor die Industriële Revolusie woon groot deel van bevolking op die platteland.
  - → Was afgesonder en h[illegible] in gemeenskappe gevorm.
  - → Verbou graan en [illegible] skape [illegible]r wol – handearbeid was nodig.
- Goeie somers het goeie oeste beteken.
- Lang winters het ho[illegible]e en ongerief vir mense ingehou.

### 2.1 Landbou-ekonomie

- [illegible] he[illegible] lyfeienskap teen einde 17de eeu in Engeland verdwyn was meeste plase op "gemeenskaplike grond" gevestig.
  - → Kleinboere het grond van ryk eienaars gehuur.



- Gemeenskaplike grond was op oopveldstelsel geskoei:
  - → Dit was in lang, smal stroke verdeel.
  - → Elke huishouding het 'n strook ontvang.
- Gewasse kon nie op groot skaal verbou word nie: en landbouproduksie was soos bestaansboerdery.
  - → Kleinboere het dus arm gebly.
- Sekere ontwikkelings vind in vroeë 1700's plaas wat landbouproduksie laat styg en tot landbou-oorskot lei.



- Dié nuwe uitvindings/ontwikkelings sluit in:
  1. Nuwe boerderymetodes.
  2. Omheiningstelsel

VOORBEELD
Graad 8 Kwartaal 1 Gesk

# Eenheid 1 : Veranderings tydens die Industriële Revolusie in Brittanje

## 2.1 Landbou-ekonomie



**Die nuwe boerderymetodes wat uitgevind is:**

a. Jethro Tull (Engelse landboukundige) ontwerp twee dinge:

→ Die saaimasjien: Sade kon nou diep in die grond geplant word, i.p.v. bo-op, waar meeste sade weggespoel het.

→ Skoffelmasjien : Perde kon 'n ploeg nou vinnig trek.



b. Lord Townshend (Engelse edelman) stel viergang-wisselbou van gewasse bekend.

→ Grond was nou omtrent heeljaar vir boerdery geskik.

c. Robert Bakewell (Engelse landboukundige) verbeter veeteelt.

**Die omheiningstelsel – begin in die 1750's gebeur:**



- Gemeenskaplike oop velde word nou omhein.
- Volle beheer word aan grondbesitters teruggegee.
- Grondbesitters kon nou groter stukke grond, wat hul behoort het, gebruik om boerderyproduksie te vermeerder.
- Hulle het begin spesialiseer in verbouing van spesifieke gewasse.
- Kleinboere word ingevolge dié omheiningstelsel van grond onteien.
  → MAAR Brittanje kon nou oorskotvoedsel produseer.
  → Dit sou help om bevolking te voed wat in 18de eeu verdubbel het.
- Kleinboere was nou gedwing om werk in fabrieke in dorpe/stede te kry.
- Die landbou-ekonomie het dus voor die IndRev op dié twee maniere tot die kos, sowel as arbeidsmag bygedra.

## 2.2 Tuisnywerhede

- Ander deel van Britse ekonomie voor IndRev was tuisnywerhede.
  → Was gewilde soort ekonomiese bedrywighede in 17de en vroeë 18de eeu toe groot deel van bevolking by landbou betrokke was.



- Boere (en hul gesinne) wou graag ekstra inkomste verdien in deel van die jaar (winter) wanneer daar min plaaswerk was.
- Hulle was betrokke by take soos naaldwerk, kantmakery en huishoudelike vervaardiging.
- In vroeë 18de eeu word tuisnywerhede meer gespesialiseerd.
  → Handelaars het begin rondreis, grondstowwe gekoop en by mense, wat dit bewerk het afgelewer.
  → Hulle het dan voltooide goedere gaan haal en plaaslik verkoop of na ander markte verskeep.



- Met begin van IndRev stort tuisnywerhede grootliks ineen.

**Maniere waarop tuisnywehede tot IndRev bygedra het:**

1. Dit was winsgewend vir stedelike handelaars en het gehelp om land voor te berei op die IndRev deur Engelse ekonomie te verstewig deur toename in handel.



2. Brittanje word oorsee bekend vir goedkoop uitvoer van hoë gehalte.
3. Landelike handelaars het ondervinding gekry van die invoer van grondstowwe en die uitvoer van fabrieksware.
4. Baie mense wat in tuisnywerhede gewerk het, het vaardighede ontwikkel vir fabrieke van die IndRev. (bv. Tekstielfabrieke)

VOORBEELD
Graad 8 Kwartaal 1 Gesk

## Eenheid 1 : Veranderings tydens die Industriële Revolusie in Brittanje

VOORBEELD Graad 8 kwartaal 1 Gesk

### 3. Wat was die Industriële Revolusie (IndRev)?

- Die IndRev was 'n verandering wat in Brittanje begin het.
- Dit was verskuiwing van mense, wat hoofsaaklik op grond gewerk het, na mense wat hoofsaaklik in vervaardiging gewerk het.
- Baie mense het na stede getrek.
- Nuwe metodes van vervaardiging is ontwikkel – dus goed kon vinniger en goedkoper geproduseer word.
- Daar was baie nuwe uitvindings, idees en metodes.
  → Dit beteken produkte kon veel doeltreffender vervaardig word.
- Gebruik van materiale soos yster en steenkool – lei tot uitvinding van stoomenjin.



### 4. Maatskaplike veranderings tydens die IndRev.



- IndRev versprei tydens die 1800's regoor Brittanje.
- Klomp fabrieke asook myne is tot stand gebring.
- Mense trek na stede opsoek na werk en beter betaling.

### 4.1 Verstedeliking en ander lewensomstandighede



- Duisende werkers was nodig om masjiene in smelterye en meule te bedien.
- Baie mense verlaat die l[illegible] hulle op die plattelan[illegible]ken he[illegible]
- Stede word oorvol van mense.
- Londen, [illegible] ander [illegible]de, was nie voorbere[illegible] op [illegible] aan mense nie.
- [illegible]ise was v[illegible]er [illegible]prop wat reeds vol was.
- Mense het in losieshuise gebly en soms het hele gesinne in enkelkamers gewoon.

#### 4.1.1 Die werkersklas



- Massaproduksie en meganisering het tot werkloosheid gelei.
- Sommige werkers kry wel nuwe werksgeleenthede – hulle kan met die masjienerie werk.
- Meeste werkers het onder strawwe omstandighede in die groeiende nywerheidstede gewoon en werk.
- 'n Tipiese werksdag in destyds se fabrieke:
  → 12 tot 14 ure, ses dae per week.
  → Werkgewers wou masjiene so lank as moontlik laat loop, dus was werkers gedwing om vinniger en sonder rus te werk.



  → Werk word gespesialiseerd en vervelig.
  → Werkers was gedwing om teen baie lae lone te werk.
  → Vrouens en kinders het ongeskoolde arbeid gedoen en is baie min betaal.
  → Kinderarbeid was algemeen en kinders so jonk as 9 jaar het in fabrieke en myne werk.

# Eenheid 1 : Veranderings tydens die Industriële Revolusie in Brittanje

## 4.1.2 Oorbevolkte behuising



- Werkers se huise was gewoonlik naby fabrieke – kon werk toe loop.
- Huise was vinnig en goedkoop gebou.
- Huise het gewoonlik twee tot vier vertrekke gehad (Twee onder en twee bo).



- Victoriaanse gesinne was groot – met vier of vyf kinders.
- Geen lopende water of binnenshuise toilet nie.
- 'n Hele straat moes 'n buitemuurse pomp en paar buitetoilette deel.
- Meeste huise in die noorde van Engeland was "rug aan rug".
  - → Sonder vensters aan die voorkant.
  - → Sonder agterplase en met 'n riool in die middel van die straat.



- Huise is dig opmekaar gebou, met nou strate tussenin.
- Meeste huise was stampvol – met vyf of meer mense.
  - → Dikwels was almal in 'n enkele vertrek.
  - → Selfs die kelders was oorvol.
- Meeste van die nuwe stede was vuil en oorvol.
  - → Die huishoudelike vullis was sommer in die strate uitgegooi.
- Krotbuurtomstandighede was die ideale teelaarde vir siektes soos tifus, pokke en disenterie.
  - → In 1832 sterf meer as 32 000 mense aan cholera.



## 4.1.3 Armoede

**Drie redes waarom armoede in dorpe en stede ontwikkel het:**



1. Nie genoeg werk vir al die mense wat na stede getrek het nie.
2. Daar was ooraanbod van werkers, fabriekseienaars het dus baie lae lone betaal waarop mense nie kon oorleef nie.
3. Toename in meganisering lei tot werkloosheid.

- Baie gesinne het kinders gestuur om werk te soek.



- Selfs mense op die platteland moes kinders uitstuur om te werk.
  - → 7- en 8-jariges kon van 4uur in die oggend tot 7uur in die aand as voëlverskrikkers op die lande werk.
  - → Ouer kinders het as tydelike werkers gewerk.
- Groepe, vuil verflenterde kinders het in stede se strate rondgeswerf.
  - → Hulle het geen huis of gereelde inkomste gehad nie.
- Straatkinders was dikwels weeskinders – niemand sorg vir hulle nie.
  - → Hulle het geld gesteel en sakkerollers geword om kos te koop.
  - → Hulle het in buitegeboue of deuropeninge geslaap.
  - → Sommige straatkinders het werkies gedoen om geld te verdien.
  - → Hulle kon as straatveërs werk of het kant, blomme ens. verkoop.
  - → Charles Dickens se boek *Oliver Twist* handel oor hierdie kinders.



VOORBEELD
Graad 8 Kwartaal 1 Gesk

### 4.1.4 Armhuise

- 'n Armhuis was 'n gebou wat armes moes huisves – dit was 'n onaangename plek.
- Word oor die hele land gebou a.g.v. van die nuwe wet op armes van 1834.
  - Die wet bepaal dat mense wat baie arm, siek, oud of werkloos was, in 'n armhuis versorg moes word.
  - 'n Armhuis sou kos, drank en werk aan sy inwoners gee.
  - Arm mense moes al hul besittings in 'n bondel bymekaarmaak en dan in die armhuis gaan woon.
- Armhuise was later deur armes en ou mense gevrees.
- Hulle moes dan daar bly tot hul dood.



### 4.2 Die myne en fabrieke



- Myne en fabrieke het werk aan baie mense gegee.
- Was nie altyd veilig om daar te werk nie - baie mense, en kinders, is daar beseer of dood.
- Daar was geen werksverhouding tussen werknemer en werkgewer nie.
- Werkers was hul vryheid, waardigheid en kreatiwiteit ontneem.
- Fabriekstelsel is gekritiseer oor: streng dissipline, kwaai strawwe, ongewone werksomstandighede, lae lone en onbuigsame werksure.

### 4.2.1 Kinderarbeid

- Kinderarbeid is wanneer kinders van 'n jong ouderdom gebruik word om as goedkoop arbeid te werk en min/geen betaling te kry nie.

**Tydens IndRev gebruik fabriek- en meuleienaars kinders vir werk want:**

1. Kinders was 'n goedkoop bron van arbeid sodat eienaars mededingend kon bly.
2. Kinders was onderdanig en gehoorsaam. Hulle sou op strawwe reageer en nie vakbonde vorm nie.
3. Die kinders se ratse vingers, klein postuur en soepelheid was geskik vir die masjinerie en werksomstandighede vir daai tye.
4. Kinders het relatiewe voordeel met masjiene, wat klein en naby die grond gebou was gehad.
5. Kinders het maklik in die smal ondergrondse steenkool- en metaalmyne beweeg.
6. IndRev het die aanvraag na kinderarbeid verhoog deur werksituasies te skep waar kinders produktief kon wees.



VOORBEELD
Graad 8 Kwartaal 1 Gesk